Hy is nie uit die venster gestamp

Deur 'n Hofverslaggewer

Indien Timol deur die venster op die 10e verdieping van John Vorster-plein gestoot was, sou sy liggaam baie nader aan die muur van die bou geval het.

Só het brig. C. W. Pattle gisteroggend tydens die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol gesê.

Brig. Pattle het getuig dat hy aan die ligging van Timol se liggaam, afgelei het dat daar 'n sekere mate van aksie was en dat die liggaam weg van die gebou af gestoot is. Timol het 10 vt. van die gebou af geval. Langs die gebou self is daar geen voorwerpe wat Timol moontlik kon getref en sy liggaam vorentoe kon geskiet het nie.

Volgens brig. Pattle het hy nie 'n studie gemaak van wat gebeur as sekere voorwerpe van groot hoogtes val nie, maar het hy al oor dié onderwerp gelees.

Venster

Brig. Pattle het getuig dat die venster wel wyd genoeg is vir iemand om deur te spring of deur gestoot te word.

Adv. Maisels (namens die Timol-gesin) het brig. Pattle gevra of daar enige tekens van 'n worsteling in die kantoor sou wees indien iemand Timol van agter af na die venster sou dwing en hom toe sou uitstamp. Veral as mens in aanmerking neem dat Timol skraal gebou was — hy was 5 v. 6 dm lank en het 130 lb geweeg.

„'n Mens sal nie eintlik enige tekens verwag nie. Nogtans kan ek nie sien dat daar genoeg stukrag sou wees om die liggaam 10 voet weg van die gebou af te laat val nie," het brig. Pattle gesê.

Brig. Pattle het getuig hy meen ook Timol het van 'n staande posisie deur die venster geduik soos sers. Rodrigues, wat by Timol was ten tye van die gebeure, getuig het.

Sprong

Sers. Rodrigues is daarna weer na die getuiebank geroep. Hy het met landdros J. J. L. de Villiers saamgestem dat sy weergawe van die gebeure verskil van die weergawe wat hy volgens brig. Pattle sou gegee het. Hy het verduidelik dat die gebeure na Timol se sprong, vir hom baie vaag is omdat hy in 'n geskokte toestand was.

„Toe die man gespring het, het ek 'n geweldige skok gekry. Toe ek sy lyk sien, het ek nog 'n groter skok gekry."

Hy het ook getuig dat hy in 15 jaar van polisiediens, net klerklike werk gedoen het en nog nooit iemand in hegtenis geneem het nie.

GENL. C. A. BUYS, speurhoof (regs) verlaat hier die Johannesburgse landdroshof saam met een van die ondersoekbeamptes in die ondersoek na Timol se dood, maj. J. E. Fick. Genl. Buys sal vanoggend voortgaan met sy getuienis.

Deskundige sê Timol het merke gemaak

Deur 'n Hofverslaggewer

Volgens 'n handskrifdeskundige het Timol self sekere merkies tussen verskillende paragrawe gemaak op die dokument wat hy tydens sy aanhouding gesit en skryf het oor sy verhouding met die Kommunistiese Party.

Speurder-sers. P. J. du Preez, handskrifdeskundige van die Veiligheidspolisie, het gister dié getuienis in die Johannesburgse landdroshof gelewer. Hy het getuig in die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol, 'n 30-jarige Indiër wat op 27 Oktober verlede jaar dood is nadat hy van die tiende verdieping van John Vosterplein af doodgeval het.

Sers. Du Preez het getuig dat maj. E. J. Fick, een van die ondersoekbeamptes in die saak, hom gevra het om vas te stel of sekere merke op die dokument deur verskillende mense gemaak is.

Volgens vorige getuienis is die hele dokument in Timol se eie handskrif. Net op die laaste bladsy kom daar 'n ander handskrif voor. Dit is die handskrif van een van sy ondervragers, kapt. J. H. Gloy, wat 'n kort nota neergeskryf het.

Dokument

Sers. Du Preez het gister getuig dat hy uit 'n algemene ondersoek kon vasstel dat die laaste geskrewe deel op die laaste bladsy van die dokument heelwat groter as die skrif op die ander bladsye is en beslis deur verwys wat sy afleidings steun, het sers. Du Preez geantwoord: „Geen boek sal 'n antwoord op dié vraag gee nie. Ek het my bevindinge gegrond op 'n algemene ondersoek."

Genl. C. A. Buys, speurhoof, het gistermiddag begin getuig.

Bevel

Hy het getuig dat hy in bevel van die ondersoek staan. Hy het die dag van Timol se dood na Johannesburg gekom en twee dae later bevel oorgeneem.

'n Dag na Timol se dood het hy met sers. Roderiques gepraat, die laaste man wat Timol lewend gesien het. Teen dié tyd het twee senior polisiemanne hom al vertel wat gebeur het.

Hy het sers. Roderiques gevra wat presies gebeur het. Volgens genl Buys was sers. Roderiques nie meer so geskok soos die vorige dag nie. Hy was beslis nie gelukkig nie en het neerslagtig gelyk. Sers. Roderiques was nogtans heeltemal daartoe in staat om 'n samehangende verslag oor die gebeure te gee.

Genl. Buys het getuig dat hy nie neersgeskryf het wat sers. Roderiques gesê het nie. Hy het

kokie toestand was.
die man gespring het,
'n geweldige skok gekry.
sy lyk sien, het ek nog
ter skok gekry."
het ook getuig dat hy in
ar van polisiediens, net
ike werk gedoen het en
ooit iemand in hegtenis
m het nie.

Volgens 'n handskrifdeskundige het Timol self sekere merkies tussen verskillende paragrawe gemaak op die dokument wat hy tydens sy aanhouding gesit en skryf het oor sy verhouding met die Kommunistiese Party.

Speurder-sers. P. J. du Preez, handskrifdeskundige van die Veiligheidspolisie, het gister dié getuienis in die Johannesburgse landdroshof gelewer. Hy het getuig in die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol, 'n 30-jarige Indiër wat op 27 Oktober verlede jaar dood is nadat hy van die tiende verdieping van John Vosterplein af doodgeval het.

Sers. Du Preez het getuig dat maj. E. J. Fick, een van die ondersoekbeamptes in die saak, hom gevra het om vas te stel of sekere merke op die dokument deur verskillende mense gemaak is.

Volgens vorige getuienis is die hele dokument in Timol se eie handskrif. Net op die laaste bladsy kom daar 'n ander handskrif voor. Dit is die handskrif van een van sy ondervragers, kapt. J. H. Gloy, wat 'n kort nota neergeskryf het.

Dokument

Sers. Du Preez het gister getuig dat hy uit 'n algemene ondersoek kon vasstel dat die laaste geskrewe deel op die laaste bladsy van die dokument heelwat groter as die skrif op die ander bladsye is en beslis deur iemand anders geskryf is.

Hy het getuig dat die laaste twee merke op die laaste bladsy groter as die merke op die vorige bladsye voorkom. „Ek skryf dit daaraan toe dat die algemene skrif op die dokument se relatiewe verhouding redelik klein is. Daarom is die merke ook in verhouding kleiner gemaak."

Volgens sers. Du Preez is die laaste deel op die laaste bladsy ook in 'n ander kleur ink as die vorige deel geskryf.

Sers. Du Preez het getuig dat hy al die merkies op die dokument mikroskopies ondersoek het en aantekeninge gemaak het. Hy het vasgestel dat die gemiddelde lengte van die dwarsstrepe van die laaste twee merke op die laaste bladsy 16,5 mm is.

Dwarsstrepe

Daarteenoor is die gemiddelde lengte van die dwarsstrepe van die ander merke op die dokument 12,49 mm. Sy bevinding berus op die verskil in lengtes van die verskillende merke.

Sers. Du Preez het ook met adv. Maisels saamgestem dat die algemene patroon van die skrif baie belangrik is. Hy het ontken dat die patroon belangriker as die verskil in lengte is.

Op 'n vraag van adv. Maisels of hy hom na enige bron kan verwys wat sy afleidings steun, het sers. Du Preez geantwoord: „Geen boek sal 'n antwoord op dié vraag gee nie. Ek het my bevindinge gegrond op 'n algemene ondersoek."

Genl. C. A. Buys, speurhoof, het gistermiddag begin getuig.

Bevel

Hy het getuig dat hy in bevel van die ondersoek staan. Hy het die dag van Timol se dood na Johannesburg gekom en twee dae later bevel oorgeneem.

'n Dag na Timol se dood het hy met sers. Roderiques gepraat, die laaste man wat Timol lewend gesien het. Teen dié tyd het twee senior polisiemanne hom al vertel wat gebeur het.

Hy het sers. Roderiques gevra wat presies gebeur het. Volgens genl Buys was sers. Roderiques nie meer so geskok soos die vorige dag nie. Hy was beslis nie gelukkig nie en het neerslagtig gelyk. Sers. Roderiques was nogtans heeltemal daartoe in staat om 'n samehangende verslag oor die gebeure te gee.

Genl. Buys het getuig dat hy nie neersgeskryf het wat sers. Roderiques gesê het nie. Hy het ook nie vooraf vir brig. C. W. Pattle gevra wat sers. Roderiques se weergawe aan hom was nie.

Op 'n vraag waarom nie, het genl. Buys gesê brig. Pattle het hom meegedeel dat daar beslis geen misdaad vermoed word nie. Hy het alles toe reeds van sers. Roderiques gehoor wat direk daarby betrokke was.

Die verhoor duur voort.